**27 JULIE** **Skrifgedeelte: Handelinge 2:37-42**

**Fokusgedeelte: Hand 2:42**

**Die Gees van Christus laat die eerste gemeente vierledig volhard !**

Watter verskil maak die inwoning en kragtige werking van die Gees van Christus in ‘n gemeente ? Miskien dink jy dit moet groot en sensasionele dinge wees, soos wonderwerke of geestelike ontwakings of massa-bekerings. Natuurlik kan en het die Heilige Gees dit ook al deur die eeue in gemeentes en gemeenskappe bewerk.

Maar, wat ons hier in **Handelinge 2:42** die meeste tref, is dat die Gees van Christus kort nadat Hy uitgestort is, op minstens vier maniere die eeste Christelike gemeente drasties en beslissend beinvloed, onder leiding van die apostels.

Die oomblik toe die Gees van Christus sy intrek in minstens 3,000 mense geneem het (vgl Hand 2:41), het hulle die woorde van Petrus aangeneem (vs 41), en was hulle lede van die liggaam van Christus, die kerk van die Here.

Maar, die wonderlikste daarby, was dat hulle ook dadelik gefunksioneer het soos ‘n lewende geestelike liggaam, waarvan Christus die Hoof is. Dit word bewys deur die woorde: **Hand 2:42*:“En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.”(***1953 vertaling***)***

Wanneer die Gees van Christus ‘n gemeente beheers en lei, funksioneer hulle “vanself” meer en meer soos ‘n lewende liggaam.

- Dan wil hulle graag “volhard in die leer”, met ander woorde die Woord hoor;
- Hulle wil graag geloofsgemeenskap ervaar;
- Hulle wil graag die kruisdood van die Here Jesus gedenk en beleef,
- en dan wil hulle graag met Hom praat in ‘n lewende Gebedslewe.

So kan ons ook seker wees: Vandag nog woon en werk Sy Gees in ons op dieselfde manier.

*Sing: Psalm 133:1,2* *Dr Gerrie Labuscagne (Bloempark)*